DIE EIKE

# Nuusbrief Maandeliks

DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

VOLUME 2 NOMMER 4 MEI 2025

## IN DIE MEI 2025 UITGAWE

**1 | Oordenking:** Ek glo in die Drie-Enige-God
**Dr. Jan Botha**

**2 | Woord deur die Voorsitter:** Vieringe en ironieë vir Afrikaners
**Dries Wiese**

**4 | Transformasie - Nog steeds 'n syferspel**
**Jan Bosman**

**6 | Die gans wat die goue eiers lê word vervreem**
**Dave Steward**

**8 | Nuwe Raskwotas: Die volskaalse aanslag op besigheidsvryheid**
**Piet le Roux en Gerhard Papenfus**

**10 | Subsidiariteitsbeginsels : Die bou van munisipale veerkragtigheid**
**Prof. Louis van der Merwe**

**13 | Die verval van die Westerse-Akademiese Tradisisie II**
**Dr. Willem Gravett**

**14 | Kommentaar op die PSIRA regulasies**
**Genl-Maj Bertus Steenkamp**

**17 | 'n Perspektief op die RNEI**
**Jan Bosman**

**19 | Afrikaans 100 - Feesprogram**

**Die Eike**
kommentaar@die-eike.co.za

## OORDENKING: EK GLO IN DIE DRIE-ENIGE-GOD

***Deur Dr. Jan Botha***
***Pretoria***

In die deurmekaar en onstuimige tye waarin ek elke dag lewe vergeet ek soms so maklik dat dit alles, ja ook God se skepping en spesfiek ook sy mense “aangetas” is. Miljoene mense is “aangetas”, baie was en is tans baie onseker, kwesbaar en ontnugter!

Die Drie-eenheid is een van die basiese leerstellinge van die kerk deur die eeue. Dit impliseer dat die kerk en ek as gelowige altyd, die heeltyd in die teenwoordigheid en voor die aangesig van die Drie-enige God (Coram Dei) leef en bestaan. Die die Koninkryk van God, is die leef en werkruimte wat die God daarstel vir my, ons as gelowiges om Sy heerskappy te beleef en ten volle uit te leef.



Ons lees in Matteus 3: 16-17: “**Jesus** is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die **Gees** van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug **Ek** My.”

Dié God karteer die grondgebied waarbinne ek, ons Hom kan leer ken, beleef en gehoorsaam leef, elke dag. Ek sal dit nooit op my eie as gelowige maak nie. Ek verdwaal so maklik of word tot blindheid geslaan en strompel voort. Sodoende weet ek nie eers waar ek is of waarheen ek op pad is nie in die uitdagende en onstuimige tye nie.

Die God verskaf die nodige struktuur en konteks in my eie lewe. Hieruit ontwikkel die metafoor wat Eugene Peterson dan ook gebruik as tema van sy boek: ”Christ plays in ten thousand places”.

Hy gebruik die Griekse woord perichoresis wat na **dans** verwys as hy oor die verhouding en gemeenskap verwys in die Triniteit. Hy sê dat ons, ons ‘n “folk dance, a round dance”, met drie deelnemers in elke groepie, moet voorstel. Die musiek begin, die drie houvas mekaar se hande en beweeg in ‘n sirkel. Daar is geen seine nie, hulle los die hande, verander van dansmaats en beweeg in en uit, swaai eers die een en dan die ander. Die tempo neem toe en die maats beweeg meer elegant met, saam en tussen die ander terwyl hulle swaai, draai, omarm en loslaat, houvas en weer los. Daar is geen onduidelikheid nie, elke beweging is goed gekoördineer in presiese ritme, terwyl elke persoon sy/haar eie identiteit behou. Die toeskouer beleef die bewegings as so vinnig en volmaak dat dit by tye onmoontlik is om die persone van mekaar te onderskei.

Hierdie Trinitariese God nooi ons/die kerk uit en verwelkom ons om deel te neem in die Trinitariese dans. Die Triniteit bevestig dat God Drie-enig uit drie persone bestaan, naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

*(Vervolg op p2)*

## Oordenking: Ek glo in die Drie-Enige-God (verv)

Om dus in 'n positiewe en diepgaande verhouding met God te lewe, is 'n lewenslange oproep tot 'n verbintenis tot die lewe, om sin te gee en te beleef ten spyte van al die onsekerheid rondom my.

Indien dit waar is en prakties so beleef word, dan is daar geen plek of geleentheid om net 'n toeskouer of onaktiewe mens in my eie omgewing te wees nie. Daar is altyd 'n hand wat ons vasgryp en intrek in die werksaamhede van God met sy stukkende skepping. 'n Verhouding en gemeenskap met die Lewende is dus altyd dinamies en raak my persoonlik.

Die God wat Hom so aan my openbaar is dus nie 'n idee of selfs 'n onpersoonlike mag nie. Omdat Hy persoonlik is, verwag Hy persoonlike betrokkenheid en positiewe keuses vir Hom.

God is 'n Wese-in-gemeenskap, gemeenskap met Homself as Drie-enige God maar ook in gemeenskap met Sy kerk, asook in gemeenskap met my.

Die gemeenskap kring ook verder uit na die ander gelowiges wat saam as liggaam daardeur in die misterie van God se teenwoordigheid saam gebind word.

Ek, ons as gestuurdes, word geroep om juis in die onsekertye te lewe en te werk. Dink so daaraan: God se aard as Vader, Seun en Heilige Gees is wesenlik 'n proses van gestuur-wees: Die Vader stuur die Seun; die Seun stuur die Heilige Gees op dieselfde patroon. In die lewe midde-in die Drie-eenheid word ons dus geroep, byeengebring, gefokus en uitgestuur op God se groot missie, 'n nimmereindigende reis van geroep-en gestuur-wees.

Omdat die Drie-enige God persoonlik is en binne verhoudings optree, kan ek met vrymoedigheid deelneem aan sy werk as medeskepper en brugbouer, veral in die uitdagende tye.

*Dr Jan Botha*
*(Predikant Florauna NG Gemeente)* ❖

---

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: VIERINGE EN IRONIEË VIR AFRIKANERS

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Met al die vakansiedae die laaste maand kan mens terugkyk na 'n maand gevul met simboliese vieringe – Vryheidsdag, Werkersdag, en die Afrikaans 100-viering – maar vir baie Afrikaners is hierdie gebeurtenisse deurspek met ironie en teleurstelling. Teen die agtergrond van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE), wat ná die 2024-verkiesing gestig is, bly beloftes van eenheid en vooruitgang onvervuld. Die ekonomie kwyn, werkloosheid bly hoog, en Afrikaners voel toenemend gemarginaliseer in 'n land waar hul kultuur en deelname aan die ekonomie gemarginaliseer en onder druk is.

In die laaste weke het die Suid-Afrikaanse regering sy nuwe rasse-indiensnemingskwotas gepubliseer. Ons het meer insette hieroor in die nuusbrief. Die impak daarvan is enorm en is die riglyn om wit mans tot so min as 4% van die werksmag te verminder.




Die regulasies wat gepubliseer is bring raswette al meer na vore en is na die mening van kenners die mees verreikende rassifikasie van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. Die effek hiervan op beide plaaslike as internasionale maatskappye is enorm en word dit onomwonde gestel dat Miljarde Rande se ekonomiese waarde vernietig staan te word in 'n reeds brose ekonomie.

***Vryheidsdag: Die Mite van Vryheid***
Op 27 April 2025 het Suid-Afrika die 31ste herdenking van Vryheidsdag gevier, wat die eerste demokratiese verkiesing in 1994 gedenk. Die dag word amptelik gevier as 'n simbool van eenheid en vryheid vir alle Suid-Afrikaners, maar vir baie Afrikaners voel hierdie "vryheid" hol. Die belofte van gelykheid en voorspoed wat in 1994 gemaak is, het nie vir almal gematerialiseer nie. Beleide soos regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging (SEB) word deur sommige as diskriminerend beskou, veral vir wit Suid-Afrikaners, insluitend Afrikaners, wat dikwels uitgesluit voel uit werksgeleenthede en ekonomiese deelname.

Daarbenewens bly dienslewering 'n groot probleem: kragonderbrekings, swak infrastruktuur, en misdaad maak elke dag se bestaan moeilik. Afrikaners, veral dié in landelike gebiede, is ook bekommerd oor plaasaanvalle, wat 'n gevoel van onveiligheid versterk. Pas was daar weer 'n plaasmoord maar die regering swyg oor die onreg. Die Afrikanerbond het in die verlede geargumenteer dat ware vryheid beteken om vry te wees van armoede, misdaad, en ideologiese beperkings – 'n ideaal wat nog nie naastenby bereik is nie. Vryheidsdag in 2025 is dus vir baie Afrikaners, net soos so baie Suid-Afrikaners, eerder 'n herinnering aan onvervulde beloftes as 'n viering van vryheid.

***Werkersdag: Werkloosheid Oorskadu Vieringe***
Werkersdag op 1 Mei is bedoel om die bydrae van werkers te eer, maar in Suid-Afrika word die dag ironies genoeg gekenmerk deur 'n werkloosheidskrisis. Hoe dit gevier kan word is werklik verstommend. Volgens Statistieke Suid-Afrika was die uitgebreide werkloosheidsyfer in 2024 reeds 41,9%, met meer as 15 miljoen mense sonder werk. Hierdie syfers weerspieël 'n ekonomie wat stagneer onder die druk van korrup-

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Vieringe en ironieë vir Afrikaners (verv)

sie, swak beleid wat ideologies toegepas word, en infrastruktuurverval. Vir Afrikaners, wit mense en ander minderheidsgroepe is die viering van Werkersdag veral na die aankondiging van regulasies oor raskwotas in die werkplek 'n hol viering gevul met ironie. Baie van ons ouer lede het die ervaring van kinders en kleinkinders wie se vaardigheid in die buiteland opgeraap word.

Hoe kan Werkersdag gevier word met beleide soos regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging terwyl baie jong Afrikaners emigreer op soek na beter vooruitsigte elders?

***Afrikaans 100: 'n Trotse Mylpaal Onder Druk***

Op 8 Mei 2025 vier die Afrikaanse gemeenskap 100 jaar sedert Afrikaans amptelik as 'n taal erken is deur die Wet op Amptelike Tale van 1925. Die Afrikaans 100-veldtog, is 'n geleentheid om die taal se geskiedenis en bydraes te vier. Van musiek en letterkunde tot besigheid. Afrikaans leef in ons wêreld en ons het die verpligting om Afrikaans te bly bevorder.

Tog vind hierdie viering plaas teen 'n agtergrond van kulturele marginalisering. Afrikaans word toenemend uit openbare instellings, veral universiteite, verdring, en daar is voortdurende debatte oor die taal se plek in 'n veeltalige Suid-Afrika.

***Die Regering van Nasionale Eenheid: Beloftes Sonder Resultate***

Die RNE, wat ná die 2024-verkiesing gevorm is toe die ANC nie 'n volstrekte meerderheid behaal het nie, was bedoel om eenheid en stabiliteit te bring. Partye soos die DA, VF Plus, en ander het aangesluit om 'n alternatief vir die ANC se dekades-lange heerskappy te bied. Vir baie was daar aanvanklik hoop dat die RNE meer aandag sou gee aan kwessies soos werkloosheid, misdaad, en kulturele regte.

***"Die RNE se onvermoë om "die mas op te kom" versterk die gevoel van teleurstelling. Ons sal dieper moet dink en harder moet werk om Afrikaners, se belange in die nuwe politieke bestel te bevorder."***

Tog, byna 'n jaar later, na die verkiesing van 29 Mei 2024 sukkel die RNE om sy beloftes na te kom. Politieke verskille tussen koalisievennote lei tot besluiteloosheid, en korrupsie en wanbestuur bly endemies. Die ekonomie toon min tekens van herstel, en diensleweringskrisisse, soos kragonderbrekings, en veral munisipale infrastruktuur vererger.

Elke dorp buite die Wes-Kaap kan getuig hiervan. Die RNE se onvermoë om "die mas op te kom" versterk die gevoel van teleurstelling. Ons sal dieper moet dink en harder moet werk om Afrikaners, se belange in die nuwe politieke bestel te bevorder.

***Impak op Afrikaners: 'n Gemeenskap op 'n Kruispad***

Die laaste maande beklemtoon die komplekse posisie van Afrikaners in Suid-Afrika. Soos bo gestel het ons 'n demokrasie wat nie gelyke geleenthede vir almal bied nie; 'n ekonomie wat nie groei nie en sterker op ras fokus en 'n voortdurende stryd om kulturele relevansie.

Uit vele gesprekke is dit duidelik – Afrikaners het verskillende roetes om oorlewing van kulturele identiteit te verseker. Aan die een kant is daar 'n behoefte om aktief deel te neem aan die politieke en ekonomiese sfeer, en wil Afrikaners met nuwe inisiatiewe help om vaardighede en netwerke te benut vir ekonomiese groei.

Hiermee saam is daar 'n groeiende gevoel vir kulturele selfbeskikking, soos gesien in die selfhelp van Solidariteit om instellings op te rig en bewegings soos die Orania Beweging, wat argumenteer vir institusionele en territoriale vryheid om Afrikaners ten einde lewensruimtes en waardes te beskerm. Hierteenoor het veral die EFF nou 'n doelbewuste veldtog en moet ons kennis neem daarvan.

Ek was nogal bemoedig en geïnspireer deur 'n Engelse regsgeleerde, Sulla Felix, wat in die Aanlyn publikasie OntLaer soos volg skryf: (Lees hier)

> *Laat die Zoeloe wat orde en waardigheid wil hê, langs die Afrikaner staan wat waarheid en herstel wil hê. Laat die Indiese sakeman wat moeg is vir afpersing, hande vat met die Bruin ambagsman wat 'n tyd onthou toe die buurte veilig was. Laat hulle almal verby die slagspreuke kyk, verby die skuld, en sien wat hulle een maak: die instink om te oorleef, en die begeerte om vry te wees van misdadigers.*
>
> *En wanneer die land onbestuurbaar gemaak is deur die diewe, wanneer die ekonomie vernietig is en die mense gebroke is, moet die Afrikaners lei. Hulle moet nie in haat of vergelding lei nie, maar deur 'n nuwe nasionalisme, 'n nasionalisme wat nie op ras gebou is nie, maar op beginsel, moed, en die wil om te oorleef.*

Die laaste dae was 'n tyd van viering, maar ook van besinning oor 'n land wat sy beloftes nie nakom nie. Ons het geleenthede om trots te wees op die verlede, maar ook om die uitdagings van die hede te konfronteer. Die uitdagings word egter meer en nie minder nie.

Die RNE se onvermoë om effektiewe verandering te bring, plaas die verantwoordelikheid en plig op Afrikaners self om hul plek in Suid-Afrika te verseker, hetsy deur politieke betrokkenheid, kulturele bewaring, of innoverende oplossings vir ekonomiese uitdagings.

Die vraag bly: sal Afrikaners hierdie oomblik aangryp om hul eie vryheid en voorspoed te skep waaruit almal voordeel kan trek? ❖

# TRANSFORMASIE - NOG STEEDS 'N SYFERSPEL

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Verskeie instansies is besig met regsoptrede teen die Wysigingswet op Indiensnemingsgelykheid Die Demokratiese Alliansie het ook aangedui dat hulle die Wysigingswet se grondwetlikheid gaan uitdaag. Hierdie wetgewing bring verdere en streng nasionale rassekwotas in die werkplek. Daar is geen twyfel daaroor dat die toepassing van kwotas net nog meer werksgeleenthede gaan vernietig en die reeds brose ekonomie nog verder sal benadeel.

In reaksie op die DA se moontlike regsoptrede was president Ramaphosa baie uitgesproke en volgens mediaberigte was die president baie krities en het die DA uitgedaag om aan hom te kom verduidelik wat hulle teen transformasie het. Daarna het die president voorgegaan en gesê dat die Grondwet weer gelees moet word want hulle (dit is nou die ANC) werk binne grondwetlike voorskrifte ten einde die skade van apartheid te herstel. ."The Employment Equity Act is about correcting what apartheid did to our country," is skynbaar die korrekte woorde wat toegedig word aan President Ramaphosa.




Die president se verwysing na die grondwet is heel ironies. Ons ervaring die laaste dekades is dat die ANC slegs in naam die grondwet en die grondwetlike beginsels onderskryf, maar in die praktyk is dit ANC eerste en die ideologie wat hulle saam met moedersmelk ingeneem het. In kort is transformasie die uitkoms van die ideologiese toepassing van die Nasionale Demokratiese Revolusie. Lees hiermee saam demografiese verteenwoordiging en sentrale beheer. Daarom is die president se verwysing en interpretasie van die grondwet nie korrek nie.

In 'n besprekingsdokument vir die Afrikanerbond "Is die grondwet 'n oorgangsgrondwet" wat gebaseer was op 'n voorlegging van Prof Francois Venter by 'n konferensie van die FW De Klerk Stigting in Julie 2012 skryf prof Venter: "Eufemistiese konsepte wat nie in die teks van die Grondwet voorkom nie maar na bewering op die bepalings daarvan berus, word aangewend en onaantasbaar gestel. Dit dui inderwaarheid op drastiese aantastings van die maatskaplike weefsel, soms sosiale manipulasie (social engineering) genoem, en dit bedien hom van begrippe soos "regstellende aksie", "breed gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging", "transformasie", "grondhervorming" asook "ontwikkelingsgerigte plaaslike regering" en, meer onlangs, die "ontwikkelingsgerigte staat." Die meeste van hierdie begrippe kon, en word steeds, op opportunistiese wyse op die ongeregtigheid van apartheid gegrond. Die toepassing daarvan kom egter neer op niks minder <u>nie as die anneksasie of buitmaking van waardevolle en winsgewende hulpbronne in die gemeenskap en die ekonomie, maar sonder 'n beduidende verdeling of verbetering daarvan.</u> Die wyse waarop die regering die Grondwet implementeer kom neer op die stadige dog stelselmatige omskepping van die regstaat in 'n plunderstaat wat die hulpbronne verslind wat hy vir sy oorlewing en groei nodig het."

Hoewel transformasie aanvanklik bedoel was om historiese ongelykhede en onreg reg te stel, bestaan daar sterk en duidelike getuienis, dat die toepassing van transformasie ideologies van aard is. Deur konstitusionele transformasie wat die aanvanklike bedoeling was, moes daar beweeg word na 'n nuwe staatkundige orde binne die grondwetlike waardes soos ooreengekom deur onderhandelinge. Lynreg hierteenoor het die ANC egter die transformasie van die samelewing, soos voorsien deur die NDR, as ideologiese onderbou begin toepas.

In die proses wat die onderhandelinge en die uiteindelike grondwet voorafgegaan het, was daar bepaalde beginsels wat deur alle partye in die onderhandelinge aanvaar en onderskryf is. (Die Engelse weergawe van twee van die beginsels lui soos volg.

*II - Everyone shall enjoy all universally accepted fundamental rights, freedoms and civil liberties, which shall be provided for and protected by entrenched and justiciable provisions in the Constitution, which shall be drafted after having given due consideration to inter alia the fundamental rights contained in Chapter 3 of this Constitution.*

*III - The Constitution shall prohibit racial, gender and all other forms of discrimination and shall promote racial and gender equality and national unity.*

In die finale weergawe van die grondwet is die beginsel van gelykheid egter baie duidelik omskryf en skep dit gevolglik 'n samelewing waarin sommige meer gelyk as ander is.

**9. Gelykheid**

(1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

(2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. *Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.*

(3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks on-

*(Vervolg op p5)*

## *Transformasie - nog steeds 'n syferspel (verv)*

billik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.
(4) Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.
(5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, **tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.**

Dit is veral die gedeeltes van Art9 (2) en (5) wat vaag en problematies is en wat die ruimte skep vir ondeurdagte konsepte en beleidsvoorskrifte soos regstellende aksie, swart ekonomiese bemagtiging, kwotas en dan veral transformasie. Hierdie terme word in meeste gevalle geïnterpreteer en toegepas buite die letter en gees van die grondwet wat 'n gelyke bedeling onderskryf. Transformasie het 'n kodewoord geword vir heelwat ongeregtighede en ongelykhede wat tans plaasvind. Die ironie is dat die term transformasie nie een keer in die grondwet voorkom nie, maar is dit waarskynlik die term wat die meeste gebruik word om ŉ bepaalde politieke agenda te pas en te dryf. Van werklike gelykheid is hier dus nie sprake nie.

**Wat sê analiste en kommentators:**
Joel Netshitenzhe die leidende ANC strateeg en denker skryf in Nation Formation and Nation Building – The National Question in South Africa, in Julie 1997 *"Die Nasionale Demokratiese Revolusie is 'n proses van stryd wat die oordrag van mag aan die mense soek. As ons van mag praat, bedoel ons politieke, sosiale en ekonomiese beheer."* Hierin moet die ANC se werklike bedoelings gelees word. Die grondwet is slegs ŉ lastigheid vir die uitvoering van ideologie.

Beeld se rubriekskrywer, Fredi Greyling skryf in 2005: *"Is die bepalende faktor in die voltooiing van transformasie dus die emosionele toestand van 'n groep politici? Is transformasie dan - uit 'n ander kant gesien - die proses waarmee swart Suid-Afrikaners wraak neem oor beledigings wat hulle onder apartheid moes deurleef? En is transformasie voltooi die dag as hulle klaar wraak geneem het?"*

John Kane Berman wat toe by die Instituut vir Rasseverhoudinge was sê reeds in 2011: "*Transformation as envisaged in the national democratic revolution boils down to African nationalism laced with socialism and pervasive party control. The NDR is a formula for consuming, even destroying, not creating, wealth.*"

Flip Buys van Solidariteit skryf in 2018: *"Die ANC het niks van hulle rewolusionêre doelwitte vergeet nie, en niks van die rampspoedige gevolge daarvan in ander lande onthou nie. Die voorstanders van omvattende radikale transformasie se werklike doel is om die grondwetlike demokrasie te omskep in die rewolusionêre bestel wat hulle oorspronklike plan was. Hulle het tydens die grondwetlike onderhandelings toegewings gemaak om die mag te kry, en gebruik nou die mag om hul oorspronklike doelwitte af te dwing. Radikale transformasie beteken immers omskepping en omverwerping, oftewel rewolusie. So word die transformasie-meelopers aandadig aan die uitkalwing van die demokrasie waarvoor mense gestem het, en die stelselmagtige omverwerping en vervanging daarvan met 'n rewolusionêre stelsel."*

Moeletsi Mbeki se teenkanting teen Swart Ekonomiese se Bemagtiging wat 'n hoeksteen van Suid-Afrika se transformasie-agenda is, is wyd bekend. In ŉ 2025 onderhoud het hy gesê: *"BEE, transfers resources in existing companies to a small political elite within the ANC'. BEE 'does not create new wealth or new entrepreneurs' but rather incentivises becoming 'parasitic on the existing companies and at the same time to become parasitic on the state."*

Prof William Gumede skryf in 'n 2019 artikel *"BEE and affirmative action could be seen as a form of reparations, but it has been a failure and mostly only a well-connected, small group of ANC political capitalists have benefited from it."*

**Transformasie en ŉ mislukte Suid-Afrika**
In die praktyk word daar voorgehou dat transformasie die nalatenskap van apartheid moet aanspreek maar ironies genoeg word dit gedoen deur dieselfde benadering as apartheid. Transformasie is niks anders nie as die verskansing van 'n ras gebaseerde samelewing en is lynreg in stryd met die fundamentele grondwetlike waarde van nie-rassigheid.

> ***"Transformasie is niks anders nie as die verskansing van 'n ras gebaseerde samelewing en is lynreg in stryd met die fundamentele grondwetlike waarde van nie-rassigheid."***

President Ramaphosa wil nou hê dat die teenkanting teen transformasie verduidelik moet word.
Dit is die probleem met transformasie – dit word nie duidelik gedefinieer nie en is die toepassing daarvan ten alle koste - uiters onbillik. Die huidige konteks waarin transformasie toegepas word skep die teëlaarde vir middelmatigheid, nepotisme, kader-ontplooiing en gevolglike korrupsie en is dit die meeste mense se verstaan en ervaring van transformasie. Die gevolg van die huidige toepassing van transformasie is dat mense in posisies aangestel word waartoe hulle nie die bevoegdheid, ervaring of kundigheid het nie.

As transformasie – volgens die ANC beteken dat die samelewing, of dit nou in sport, die ekonomie, arbeid of in watter verband ook al ten alle koste die demografie van die land moet verteenwoordig en dat dit van bo af gedryf moet word dan is dit gedoem tot mislukking. In die proses moet een persoon vir ŉ ander plek maak (die gevolge van regstellende aksie) en

*(Vervolg op p6)*

## Transformasie - nog steeds 'n syferspel (verv)

skep dit 'n samelewing wat meriete afskeep en wat met reg bedreig voel. Dit skep 'n samelewing waarin mense koppe tel op grond van ras en nie op grond van bewese kundigheid of ervaring nie.

Dus moet ons 'n behoorlike verstaan hê van die term transformasie voordat dit onoordeelkundig gebruik word:

Wat transformasie nie kan wees nie:

- Transformasie kan daarom nie beteken dat sportspanne onderhewig moet wees aan kwotas nie.
- Transformasie kan nie van bo af gedoen word as geleenthede eers van onder af geskep moet word nie.
- Transformasie kan nie beteken dat iemand op grond van velkleur ingesluit of uitgesluit word nie – dit skep 'n ongelyke samelewing.
- Transformasie kan nie 'n syferspel wees wat mense op grond van velkleur beoordeel nie.

Transformasie vanuit 'n ANC perspektief is teenproduktief. Die verlede se onreg gebaseer op ras kan nie reggestel word met omgekeerde diskriminasie of rassebeleide nie. Vandag se probleme verdien antwoorde en oplossings vir vandag. Transformasie, net soos apartheid, is besig om 'n wurggreep op die land en sy mense te kry en dit geleidelik te vernietig. Transformasie het in sy wese en in sy diepste toepassing die sirkel voltooi na 'n nuwe vorm van apartheid. Apartheid het neergekom op rasverdeling terwyl transformasie deur sy toepassing neerkom op rasbevoordeling en rasontneming. Dus 'n nuwe vorm van rasse manipulasie. Transformasie behoort nie meer deel van enige gesprek, onderhandeling of beleidstoepassing te wees nie.

Die toepassingskonteks van transformasie naamlik 'n rasgebaseerde syferspel is onregverdig en verkeerd, al is dit net 'n tussentydse oorgansmaatreël, want dan word dit 'n teelaarde vir vergrype en skep dit opnuut 'n ongelyke samelewing. Na 31 jaar kan daar nie meer plek wees vir tussentydse maatreëls nie, want dan word nuwe generasies benadeel.

**Die pad vorentoe**

Dit het tyd geword vir 'n gelyke samelewing – een waarin daar geen plek meer is vir transformasie nie. Dit het ook tyd geword vir 'n samelewing van geregtigheid. Suid-Afrikaners se sin vir geregtigheid moet nie onderskat word nie, want na 30 jaar in 'n demokratiese bedeling kan hulle beslis nie meer 'n rat voor die oë gedraai word nie. Suid-Afrikaners is om dit sagkens te stel, hartlik sat vir die gevolge van transformasie soos omgekeerde diskriminasie, nepotisme, korrupsie, onbevoegdheid, bevordering sonder meriete, gebrekkige dienslewering, die ineenstorting van infrastruktuur, sport-kwotas, diefstal van staatsgeld, misbruik van staatsbates en swak regering.

Die pad vorentoe lê daarin om 'n voortdurende herhaling van foute uit die verlede te vermy – of dit nou die NP se apartheid is wat uitgesluit en op grond van ras gediskrimineer het, of die ANC se transformasie wat die elite bevoordeel en op grond van ras diskrimineer. Ons moet daarna strewe om 'n samelewing te bou waar meriete, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid die hoekstene is. Dit beteken 'n ekonomie waar geleenthede verdien word deur talent en harde werk, nie politieke lojaliteit nie; 'n regering wat verantwoording doen aan ál sy burgers, nie net 'n uitverkore paar nie; en 'n samelewing waar elke individu se waardigheid erken word, ongeag hul agtergrond. Laat ons dan eerder transformasie herdefinieer – nie as 'n werktuig vir politieke self-verryking nie, maar as 'n krag vir gedeelde voorspoed, deursigtigheid en geregtigheid. Slegs dan kan Suid-Afrika die belofte van vryheid waarlik verwesenlik. ❖

---

## DIE GANS WAT DIE GOUE EIERS LÊ WORD VERVREEM

***Deur Dave Steward***

*Dave Steward skryf oor die bydrae wat die geteisterde wit minderheid tot die regering se fiskus maak. Die artikel is op 28 April 2025 deur Politicsweb gepubliseer. Met die vergunning van Dave Steward is die artikel na Afrikaans vertaal en plaas ons dit ook met erkenning aan Politicsweb.*

Het jy al ooit gewonder hoeveel belasting wit Suid-Afrikaners betaal – en watter bedrag die staat aan dienste vir hulle bestee?

Ek het onlangs 'n sommetjie gemaak. Volgens die Tesourie se Begrotingsoorsig vir 2025 sal daar in hierdie boekjaar R2 006 triljoen se belastinginkomste wees. Dit behels R811,1 miljard uit inkomstebelasting, R331,3 miljard uit maatskappybelasting, R499,5 miljard uit BTW en R87,8 miljard uit belasting op internasionale handel en transaksies.

Daar is altesaam 7,89 miljoen geregistreerde belastingbetalers wat 12,1% van die bevolking uitmaak. Twaalf-en-'n-half persent van belastingbetalers (1,5% van die bevolking) sal 60,4% van die inkomstebelasting betaal. Die volgende 67% (8,1% van die bevolking) sal 38% betaal.

Die eerste groep korreleer taamlik nou met die "elite"-groep van 4,9% van die bevolking wat in 2019 in 'n studie deur Zizzamia *et al.* geïdentifiseer is, as ons aanvaar dat elke belastingbetaler gemiddeld ietwat meer as twee afhanklikes het. Die elite verdien meer as R750 000 per jaar, en in 2017 was 65,4% van hulle wit. Die tweede groep korreleer met die studie se "middelklas", wat 22,4% van die bevolking ingesluit het wat in 2017 tussen R150 000 en R750 000 verdien het – van wie 20,5% wit was.

*(Vervolg op p7)*

## *Die gans wat die goue eiers lê word vervreem (verv)*

Op grond hiervan sal die wit elite R320,4 miljard se inkomstebelasting betaal terwyl die wit middelklas 'n bykomende R63,2 miljard sal bydra – altesaam R383,6 miljard.

Volgens die Begrotingsoorsig is 39,8% van BTW in 2022/23 deur die boonste desiel betaal. (Desiel verwys na 'n statistiese term wat empiriese verdelings voorstel) Die tweede en derde desiele het onderskeidelik 17,2% en 11,3% betaal. Op grond van die Zizzamia-studie sal die wit bydrae tot BTW 'n bedrag van R123,5 miljard beloop.

Hul bydrae tot maatskappybelasting is moeiliker om te bepaal. Aangesien 22% van die aandele wat op die JSE genoteer is egter in wit besit is en tienduisende groot nie-genoteerde maatskappye deur witmense besit word, kan daar beraam word dat hulle ten minste 30% van die maatskappybelasting sal betaal – R93,3 miljard.

Hierdie rowwe berekening bring ons uit by 'n konserwatiewe skatting van R600,4 miljard vir die wit bydrae tot die nasionale inkomste.




Kom ons kyk nou na die uitgawekant. Totale staatsbesteding hierdie boekjaar sal R2,592 triljoen wees. Die wit aandeel van die begroting van R1,065 triljoen vir algemene dienste sal R82 miljard wees, wat die 7.2% weerspieël wat hulle van die bevolking uitmaak.

Wit kinders maak 4,3% uit van die 12,6 miljoen kinders in staatskole en sal die staat vanjaar R14,6 miljard kos. Die 11% van universiteitstudente wat wit is, sal die staat 'n verdere R16,1 miljard kos. As een derde van witmense van die staat se mediese dienste gebruik maak, sal hul aandeel van die gesondheidsbegroting R7,2 miljard wees. So te sê geen witmense trek voordeel uit ander maatskaplike dienste en oordragte nie, met 'n gekombineerde begroting vanjaar van R709 miljard.

Dit kom neer op 'n totale bedrag van staatsbesteding aan witmense van R120 miljard. Witmense sal gevolglik R480 miljard meer tot die Tesourie bydra as wat die staat aan hulle sal spandeer. Dit verteenwoordig 'n jaarlikse oordrag na die fiskus van gemiddeld meer as R100 000 vir elke wit man, vrou en kind bo en behalwe wat die staat aan hulle bestee. Indien dit oor die 31 jaar sedert 1994 geëkstrapoleer word, is die totale vloei vanaf die wit bevolking na hul mede-Suid-Afrikaners via staatsbesteding bykans R15 triljoen teen huidige randwaardes.

Baie min blankes kla hieroor, want dit word wêreldwyd aanvaar dat diegene met 'n hoër inkomste progressief meer belasting moet betaal. Dit is ongeag die bykomende honderde miljarde Rande wat witmense elke jaar uit hul inkomste na belasting vir private onderwys, gesondheid en sekuriteitsdienste betaal.

Daar was ook enorme veranderinge in die verhouding tussen belasting en voordele sedert 1994. Volgens 'n IMF-studie van 1992 het witmense 71% van die belasting betaal in 1987 en 35% van die voordele ontvang. Nou betaal hulle 30% van die belasting en kry 4,6% terug in algemene dienste en maatskaplike voordele. Ander Suid-Afrikaners betaal nou meer as twee keer soveel belasting as witmense en ontvang meer as 95% van die dienste en voordele. Hulle bestee ook meer aan private onderwys, gesondheidsorg en sekuriteit as witmense.

Nietemin weerspieël die wit bydrae van R600 miljard die enorme en oneweredige bydrae wat hulle nog steeds tot die ekonomie en tot werkskepping maak.

'n Mens sou onder hierdie omstandighede gedink het dat die staat daarom die wit gemeenskap hoog op prys sou stel. Ongelukkig is dit nie die geval nie. Die ANC is besig om sy beleide te verskerp wat die ekonomiese ruimte beperk waarbinne witmense besigheid kan doen. Die nuwe Onteieningswet en BBSEB-kodes is daarop gemik om uiteindelik wit deelname aan die ekonomie te verminder tot hul krimpende aandeel van die nasionale bevolking – wat van 12,8% in 1994 tot 7,2% vandag gedaal het. In terme van die ANC se rasgebaseerde-wiskunde sou witmense dus teoreties geregtig wees op slegs 56% van die eiendom, rykdom en werkgeleenthede waarop hulle 31 jaar gelede demografies sou kon aanspraak maak. Die vooruitsigte vir die toekoms is nie goed nie, want slegs 2,8% van kinders onder die ouderdom van vyf is wit.

Vandag, 31 jaar sedert 1994, word die wit bevolking steeds beskou as die vernaamste antagoniste in die ANC se ideologiese stryd om die Nasionale Demokratiese Samelewing (NDS) te vestig. In die NDS, die utopiese hoogtepunt van die Nasionale Demokratiese Revolusie sal alles – alle rykdom, alle eiendom en alle werkgeleenthede – op grond van die land se demografie gedeel word. Soos Cyril Ramaphosa dit in Februarie 2014 gestel het, "Ras sal 'n kwessie bly totdat alle vlakke van ons samelewing demografies verteenwoordigend is."

*(Vervolg op p8)*

## Die gans wat die goue eiers lê word vervreem (verv)

Hierdie proses sal deur wit emigrasie versnel word. Byna 'n halfmiljoen blankes het sedert 2000 geëmigreer. Soos die ANC ongetwyfeld besef, sal nog meer van hulle die land verlaat as private gesondheidsorg deur die NGV uitgeroei word; as eiendomsregte deur onteiening sonder vergoeding ondermyn word; as private sekuriteitsmaatskappye deur onlangs aangekondigde regulasies ontman word – en as dit wat nog oorbly van funksionele staatsonderwys deur die BELA-wet geërodeer word. Swart, Bruin en Indiërs uit die elite- en middelklas – wat die hoofverbruikers van hierdie private dienste is – sal ook emigrasie oorweeg.

Alle ontwikkelinge in Suid-Afrika moet teen hierdie somber agtergrond beskou word. In die ANC se verklaring van 12 April – waarin hy homself min of meer opnuut tot die Regering van Nasionale Eenheid verbind het – het hy daarop aangedring dat hy "gewortel bly in sy waardes en besluite (d.w.s., Onteiening sonder Vergoeding, die Nasionale Gesondheidsversekering, en BBSEB) en nie sal toegee oor die fundamentele doelwitte van maatskaplike en ekonomiese geregtigheid, gelykheid en transformasie nie" (d.w.s., Radikale Ekonomiese Transformasie en die NDR).

Solank die ANC toegewy bly aan die NDR, sal niks werk nie. Sy sosialistiese/rasse-manipulasiebeleid sal 'n onoorkomelike struikelblok wees vir die bereiking van die RNE se agenda van ekonomiese groei, werkskepping en nasiebou.

Ironies genoeg sou die ANC 'n veel groter herverdeling van welvaart kon vermag het as hulle President Mbeki se pragmatiese ekonomiese beleide voortgesit het, wat 5% ekonomiese groei tussen 2005 en 2007 opgelewer het. As hulle ekonomiese groei teen hierdie tempo gehandhaaf het, sou die ekonomie twee keer so groot gewees het as wat hy nou is, en die aandeel van inkomste van mense wat nie wit is nie, sou ooreenstemmend groter gewees het. Almal sou gewen het – maar nou, te wyte aan die ANC se NDR-ideologie, kan almal verloor.

Lees die oorspronklike artikel aanlyn by Politicsweb https://www.politicsweb.co.za/opinion/the-frogs-that-lay-the-golden-eggs ❖

---

## NUWE RASKWOTAS: DIE VOLSKAALSE AANSLAG OP BESIGHEIDSVRYHEID

***Deur Piet le Roux en Gerhard Papenfus***

In April het die Suid-Afrikaanse regering sy nuwe rasse-indiensnemingskwotas gepubliseer. Dit gebied besighede om wit mans tot so min as 4% van hul werksmag te verminder.

Die regulasies lui moontlik die mees verreikende rassifikasie van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark in. Dit poog om gelyktydig inbreuk te maak op sowel plaaslike as internasionale maatskappye en sal honderde miljarde rand in ekonomiese waarde vernietig indien dit ywerig afgedwing word.

***"Die regulasies lui moontlik die mees verreikende rassifikasie van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark in ."***

Volgens die wet op gelyke indiensneming is die doel om "billike verteenwoordiging" van "aangewese groepe" in indiensneming regoor die land te verseker. Maar wat dit werklik behels – na gelang van wat die Gelyke Indiensnemingskommissie, president Cyril Ramaphosa, en die ANC sê – is die gedwonge verandering van die werksmag van elke betekenisvolle maatskappy na een wat die rassesamestelling van die land moet weerspieël.

Sodanige totalitêre ingryping in ondernemings se aanstellingsbesluite sou op sigself 'n absolute ramp vir indiensnamesyfers en aanstellings wees.

Maar om nie aan die meestal onmoontlike regulasies te voldoen nie, is ewe vernietigend.

Om die "numeriese teikens" mis te loop, kom met 'n verlammende boete van 10% van omset, naas andere strawwe. Daar is die teoretiese moontlikheid dat die Departement van Arbeid aan maatskappye wat tekortskiet 'n tydelike kwytskelding mag uitreik, op 'n geval-tot-geval basis, maar dit beklemtoon slegs die wispelturige aard van die regulasies, wat besigheids- en beleggingsbeplanning 'n nagmerrie maak.

Die wet vermy met netjiese voetwerk om van "rassekwotas" te praat, en verkies die meer eufemistiese, en skynbaar meer buigsame, "numeriese teikens."

Die onderskeid tussen kwotas en teikens is egter slegs semanties. Die feit is, die staat onderneem om diegene wat dit misloop te straf.

Die Departement van Arbeid wil hê dat nakoming in September 2025 begin. Soveel as vyf jaar mag toegelaat word vir volledige inwerkingstelling, mits die reguleerder met jou "vordering" tevrede is.

Die kwotas is tans op maatskappye met 50 of meer werknemers van toepassing, maar daardie drempel is net 'n wetgewende gier weg van verlaging. Die regering se rekord van die verskuiwing van die doelpale in rasse-ekonomiese beleid maak dit meer 'n kwessie van wánneer, nie óf nie.

Die amptelike regulasies verdeel die ekonomie in 18 swakgedefinieerde "sektore," en dan indiensneming in

*(Vervolg op p9)*

## Nuwe raskwotas: Die volskaalse aanslag op besigheidsvryheid (verv)

vier kategorieë genaamd "topbestuur," "senior bestuur," "professioneel gekwalifiseerde en middelbestuur," en "geskoold tegnies." Elke kategorie word dan drie persentasies toegewys: een vir "aangewese groepe" mans (d.w.s. mans solank hulle nie wit is nie), een vir "aangewese groepe" vroue (insluitend wit vroue), en een vir "slegs gestremdheid."

Nie-gestremde wit mans verskyn nie in die regulasies nie – hulle is dít wat oorbly ná die aangewese groepe van 100 afgetrek word.

So het ons 18 sektore, vier indiensnemingskategorieë, verskeie rassegroepkwotas, geslagskwotas, en gestremdheidskwotas vir 'n matriks van ten minste 576 veranderlikes wat deur die departement van arbeid se sentrale beplanners geoptimaliseer moet word.

In die geval van "finansiële en versekering" besighede, word "topbestuur" toegelaat om maksimum 37% wit mans te wees en ander posvlakke daarna stapsgewys minder, totdat dit uitloop op die "geskoolde tegniese" kategorie waar wit mans 4% mag wees. In gesondheidsorgmaatskappye moet wit mans uitklok op onderskeidelik 29% en 4%; in administratiewe en ondersteuningsdienste (bv. sekuriteitsmaatskappye), 30% en 4%; mynmaatskappye, 29% en 4%; onderwysinstellings 26% en 4%, en so meer.

Landboubedrywighede word (vir nou) beperk tot tussen 66% en 6%, wat 'n nie al te subtiele manier is om 'n wit boer te vertel dat daar geen plek vir sy seuns in die span is nie.

Die sektor wat werklik die doelpaal-verskuiwende eindspel vir alle sektore verklap, is "openbare administrasie en verdediging." Hier moet wit mans verminder word tot 'n maksimum van 8% van topbestuur werknemers, en 4% van die res.

**Geteikende plaaslike sanksies en onteiening**
In kort, die nuwe gelyke indiensnemingsregulasies poog om wit mense in die algemeen, en wit mans in die besonder, uit aanstellings te verdryf. In die praktyk is dit 'n geteikende ekonomiese sanksie teen 'n deel van die plaaslike bevolking.

Boonop, in die taal van 'n ander omstrede stuk wetgewing vandag, is hierdie gedwonge aanstellingsbepalings 'n vorm van onteiening, waarmee die staat sonder vergoeding aan die bestaande eienaars 'n rasgebaseerde oordrag probeer doen van 'n maatskappy se effektiewe beheer.

Sulke geteikende plaaslike ekonomiese sanksies is onaanvaarbaar en skadelik genoeg, maar waar streng toepassing maatskappye dwing om mense sonder die nodige vaardighede of geskiktheid aan te stel, sal minder waarde teen meer koste geproduseer word. Doeltreffendheid sal ondermyn word. Dalende produktiwiteit sal met 'n kleurblinde negatiewe vermenigvuldigingseffek uitkring, wat besighede se lewensvatbaarheid, beleggingsverbintenisse, en indiensneming dwarsdeur die ekonomie beïnvloed.

**Internasionale gevolge**
In die mate dat internasionale maatskappye sedert die oorspronklike wet in 1996 aan gelyke indiensneming deelgeneem het, mag hulle 'n mate van verdraagsaamheid ontwikkel het vir die Suid-Afrikaanse regering se ongewone aandrang op ras. Baie sou die periodieke "Gelyke Indiensnemingsplanne" wat hulle moes indien aan mensehulpbron-konsultante uitkontrakteer het, gerusgestel deur die versekering dat die maatskappy sy eie buigsame teikens mag bepaal en dat die misloop daarvan nie 'n groot probleem was nie.

Dit sal nou egter gou vir hierdie maatskappye ooglopend word dat die gewysigde wet en regulasies spesifieke en swáár kwotas vir ras, geslag en gestremdheid voorskryf – gepaardgaande met die dreigement van boetes en uiteindelik persoonlike vervolging en verbod op handel.

Kort voor lank sal die direksie van internasionale maatskappye wat in Suid-Afrika sake doen tot die gevolgtrekking kom dat hulle die mees verregaande – en onmoontlike – Diversiteit, Gelykheid en Insluiting (DEI) program in die wêreld in die gesig staar.

Sommige sal vasbyt omdat die opbrengste so goed is, in die vertroue dat onmoontlike beleide soos hierdie altyd skuiwergate het en uiteindelik misluk. Hul uitbreidingsplanne sal vir eers egter beperk gehou word.

***In kort, die nuwe gelyke indiensnemingsregulasies poog om wit mense in die algemeen, en wit mans in die besonder, uit aanstellings te verdryf. In die praktyk is dit 'n geteikende ekonomiese sanksie teen 'n deel van die plaaslike bevolking.***

Andere sal padgee, nie lus vir sulke absurde en vloeibare risikobepalers wat boonop hul eienaars en senior bestuur aan uitgebreide etiese, morele en regsrisiko's binne en buite Suid-Afrika blootstel nie.

Hoe ook al, vele internasionale maatskappye sal met hul ambassades in aanraking kom. Elke een van daardie gesprekke sal olie wees op die vuur van internasionale kontroversie oor rasgegronde ekonomiese beleide waarin die Republiek van Suid-Afrika hom bevind.

**Wat gebeur volgende?**
Die nuwe gelyke indiensnemingsregulasies poog om aan duisende besighede heeltemal onredelike operasionele verpligtinge op te lê. Minimum moontlike nakoming en maksimum aangewese nie-nakoming sal wydverspreid wees namate besighede die werklikheid prioritiseer om na hul klante, werknemers en eienaars om te sien, bo prakties onmoontlike burokratiese fantasieë.

*(Vervolg op p10)*

## Nuwe raskwotas: Die volskaalse aanslag op besigheidsvryheid (verv)

Ontelbaar veel besighede en hul werknemers is in beginsel en in praktyk teen hierdie skadelike en destabiliserende hiper-rassifikasie van hul werkplekke gekant.

Intussen kan verwag word dat teenstand van buitelandse maatskappye en hul onderskeie ambassades sal toeneem, met die moontlikheid van diplomatieke gevolge.

Boonop berei groepe soos Sakeliga, NEASA en ander omvattende litigasiestrategieë voor om die gelyke indiensnemingsregulasies op konstitusionele en praktiese gronde teen te staan.

Saam vorm dit ’n golf van sterk en beginselvaste opposisie wat as ’n aanmoediging vir maatskappye moet dien, namate hulle in konfrontasie tree met die staat se soveelste onverantwoordelike poging tot sentrale beheer oor ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika.

*Piet le Roux en Gerhard Papenfus is die uitvoerende hoofde van onderskeidelik Sakeliga en NEASA.* ❖

---

## SUBSIDIARITEITSBEGINSELS - DIE BOU VAN MUNISIPALE VEERKRAGTIGHEID

*Deur Prof. Louis van der Merwe*

**Die Betekenis van Subsidiariteit**
Subsidiariteit is 'n beginsel van sosiale organisasie, bestuur en bestuur wat hou dat besluite en verantwoordelikhede hanteer moet word deur die kleinste, laagste of minste gesentraliseerde bevoegde gesag. In wese, kwessies moet hanteer word op die mees onmiddellike of plaaslike vlak wat ooreenstem met hul effektiewe oplossing, eerder as deur 'n sentrale gesag tensy dit absoluut noodsaaklik is.

**Die Voordeel van Desentralisasie**
Voor die oë van die wêreld sigbaar is die verskil in doeltreffendheid tussen 'n sentraal beheerde, trae organisasie en 'n gedesentraliseerde, behendige organisasie. Die eens magtige Russiese Militêre word gelei deur die diktator President Poetin, wat soos die meeste diktators, deur vrees lei. Hy neem die meeste van die strategiese besluite persoonlik. Poetin het geskat dat die “spesiale operasie” om Kijif te verower binne dae sou eindig. Drie jaar later en steeds aan die gang, woed die oorlog voort met 'n astronomiese verlies aan lewens aan albei kante, om nie te praat van die skade aan Oekraïne self nie. Die relatief kleiner Oekraïense weermag word gelei deur 'n dappere, inspirerende kommunikeerder, Wolodimir Zelenski. President Zelenski ontmoet Trump in sy militêre uniform om solidariteit met die troepe tuis in Oekraïne te toon. Hy word dikwels tussen sy troepe gesien, waar hy hulle ondersteun in die gevaarlike frontlinies. Zelenski laat sy militêre leiers vry om plaaslike besluite te neem.

***Subsidiariteit - besluite en verantwoordelikhede word hanteer deur die kleinste, laagste of minste gesentraliseerde bevoegde gesag.***

Die korporatiewe spreekwoord vang sy leierskapfilosofie vas: “Moet nie die wilde ganse onderdruk nie, maar onthou hulle moet in formasie vlieg.”

Hierdie konvensionele oorlog, waar die kleiner Oekraïense mag voortgaan om swaar verliese aan die veel groter Russiese magte te veroorsaak, demonstreer duidelik hoe gesentraliseerde besluitneming wat op en af in die ketting van bevel oorhandig word, nie kan vergelyk met 'n inspirerende leier wat plaaslike gedesentraliseerde besluitneming en aksie bemagtig nie. Hoe en of die Russiese mag oorwin, bly onseker. Soos die VSA in die Vietnam-konflik, mag dit onmoontlik wees vir Rusland om hierdie oorlog te wen. In die hof van internasionale opinie kan daar geargumenteer word dat Poetin se Rusland reeds verloor het.

Buite die konvensionele oorlog lê guerrilla-oorlog. Boere Kommando's het tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 met guerrilla-oorlogstaktieke gelei. Die innoverende Oekraïense leër mag dalk nog op guerrillamodus terugval. Dikwels word daarna verwys as “asimmetriese oorlogvoering” vanweë die voordele van semi-outonome vegters wat plaaslik betrokke raak, gebaseer op plaaslike leierskap en met gedelegeerde gesag getaak word om op te tree. Dit is nog 'n demonstrasie van die doeltreffendheid, krag en reaksievermoë van gedesentraliseerde besluitneming. Die verspreiding van besluite en gesag om op te tree na die laagste bevoegde vlak is die essensie van subsidiariteit.

Subsidiariteit kan gesien word as 'n intelligente, doeltreffende proses om die desentralisering van besluite en die verspreiding van mag toe te pas en te fasiliteer.

Op 'n ligter noot is die Russiese weermag as nommer 2 internasionaal beskou. Slegs tweede na die Amerikaanse weermag. In Oekraïne, maak troepe grappies dat die Russiese weermag nommer 2 in Oekraïne is!

**Toepassing van Subsidiariteit in Praktyk**
Die waardevolle toepassing van die beginsel van subsidiariteit is deur kollega Bill O’Brien gebruik terwyl hy by Dr. Peter Senge se MIT Systems Dynamics-groep was, wat later die Society for Organisational Learning (SOL) geword het. As uitvoerende hoof en voorsitter het Bill O’Brien Hanover Insurance Companies van 'n klein eiendom en aanspreeklikheidsmaatskappy na 'n NYSE-genoteerde multi-miljard US$ maatskappy met meer as 6500 werknemers binne 15 jaar geneem, terwyl hy sy inspirerende “Beginsels” gebruik het om 'n bemagtigende kultuur te bou.

*(Vervolg op p11)*

## Subsidiariteit - Die bou van munisipale veerkragtigheid (verv)

CEO Bill O'Brien het 'n eenvoudige maar elegante en effektiewe stel korporatiewe waardes, ook bekend as "Precepts", in Hanover benut om die maatskappy te laat groei. ***"Verdienste, Openheid en Plaaslikheid"*** het strategieformulering en -uitvoering, korporatiewe gedrag en alle besluitneming gelei. Die organisatoriese kultuur wat hierdie waardes ondersteun het, het die fenomenale groei van Hanover moontlik gemaak, en is deur Dr. Peter Senge as 'n prototipe "Leerorganisasie" beskou.

***"Verdienste"*** het alle kapitaaluitgawe-besluite, uitvoerende bestuurbesluite, aanstellings en bevorderings gelei. ***"Openheid"*** het die interpersoonlike kultuur by Hanover gedefinieer, veral rondom prestasiebeoordelings en die hantering van beleggers. ***"Plaaslikheid"*** het die beginsel van subsidiariteit toegepas in die verspreiding van gesag na die laagste bevoegde vlak in die bestuur en toesighoudende hiërargie, saam met verantwoordelikheid en besluitnemingsmag.

In die Korporatiewe Handleiding, geskryf deur Bill O'Brien, het hy "Plaaslikheid" ook bekend as subsidiariteit soos volg gedefinieer: "Dit is 'n oortreding van die Maatskappybeleid om op 'n hoër vlak 'n besluit te neem, wanneer die laer vlak in staat is om daardie besluit te neem." Hierdie beginsel het die effek gehad dat verantwoordelikheid en gesag na die laagste moontlike bevoegde vlak te delegeer, gebaseer op 'n bilaterale ooreenkoms tussen lede in 'n hiërargie, en gebaseer op hul relatiewe bevoegdheid. In 'n sentraal beheerde organisasie, sou daar waarskynlik 'n edik gewees het wat verklaar dat vanaf organisasievlak X en hoër, 'n spesifieke verantwoordelikheid ooreengekom sou word, ongeag of al die huidige persone bekwaam was of nie. Dit is nie so effektief soos om subsidiariteit te veranker as 'n manier om mag en bekwame besluitneming te versprei nie.

Die praktyk van subsidiariteit vorm 'n essensiële proses in federale regerings, in die Europese Unie en groot geloofsgebaseerde organisasies. In organisasies waar diverse omgewings en bevolkings een-grootte-pas-almal besluite problematies maak, bied die proses van subsidiariteit 'n nuttige oplossing.

**Die Suid-Afrikaanse (SA) Grondwet en desentralisering**

Die beginsel van desentralisasie is diep ingebed in die teks van die SA Grondwet deur middel van die drie sfere van regering, naamlik Nasionale-, Provinsiale- en Plaaslike regering. Dit word uiteengesit in Artikel 40(1) wat dit soos volg stel:

> "In die Republiek is die regering saamgestel uit die Nasionale, Provinsiale en Plaaslike sfere van regering wat onafhanklik en onderling verwant is."

"Outonomie en magte van plaaslike regering." (Sien ook Verwysing en Hulpbron 1*, Bladsy 175-186)
'n Munisipaliteit het die reg om op sy eie inisiatief die plaaslike aangeleenthede van sy gemeenskap te bestuur, onderhewig aan nasionale en provinsiale wetgewing soos voorsien deur die Grondwet. Artikel 152 skets die doelwitte van plaaslike regering uit, met die klem op

a) demokratiese en verantwoordbare bestuur aan plaaslike gemeenskappe,
b) om die verskaffing van dienste aan gemeenskappe op 'n volhoubare manier te verseker,
c) om sosiale en ekonomiese ontwikkeling te bevorder
d) om 'n veilige en gesonde omgewing te bied
e) om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regering aan te moedig" (Sien Verwysing en Hulpbron 1, Bladsy 176-177)

**Uitdagings met Plaaslike Regering**

'n Aantal uitdagings kom na vore, wat aangespreek moet word as deel van die bou van veerkragtigheid. Hulle is onder andere:

(a) Swak administratiewe kapasiteit,
(b) Finansiële beperkings,
(c) Korrupsie en wanbestuur,
(d) Politieke inmenging.

**Suksesvolle organisatoriese vernuwing en die bou van veerkragtigheid in Munisipaliteite**

> ***"Plaaslikheid" het die beginsel van subsidiariteit toegepas in die verspreiding van gesag na die laagste bevoegde vlak in die bestuur en toesighoudende hiërargie, saam met verantwoordelikheid en besluitnemingsmag.***

Professor John Kotter van die Harvard Business School herinner ons daaraan dat 60% van pogings om organisasies te verander, misluk. SAA se pogings om die lugdiens te vernuwe is 'n voorbeeld van mislukte pogings. Die Eskom se suksesvolle ommekeer in die vroeë 80's is 'n uitsondering (Sien Verwysing en Hulpbron 1, Bladsye 227-230). Kotter adviseer, onder andere met riglyne, om 'n gevoel van dringendheid te skep en 'n leidende koalisie van belanghebbendes saam te stel om die hernuwingsproses te ondersteun. Dit is ook van toepassing in die geval van munisipaliteite, sowel as nasionale en provinsiale regerings. Veerkragtigheid, oftewel bewysgebaseerde reaksie in die gesig van onderbrekings soos Covid 19, was grootliks afwesig.

As ons veerkragtige munisipaliteite wil bou, moet ons wys op die ontwrigtende magte wat hulle in die nabye toekoms, binne 'n tydraam van 10-25 jaar, mag beïnvloed. Munisipale leiers wat wel in die bou en toepassing van veerkragtigheid belê het, moet potensiële ontwrigtings in ag neem.

Vir 'n voorbeeld oor potensiële ontwrigtings kan gekyk word na die struktuur en patrone oor tyd. 'n Studie van virale aanvalle op die menslike spesie sedert die soge-

*(Vervolg op p12)*

## Subsidiariteit - Die bou van munisipale veerkragtigheid (verv)

naamde Spaanse griep van 1918 dui daarop dat hierdie aanvalle 'n gereelde voorkoms het - nagenoeg 10-15 jaar. Veerkragtige stede en dorpe moet nou reeds begin voorberei vir hierdie moontlikheid. (Sien Verwysing en Hulpbron 1 Bl 17-19)

Ander onvermydelike ontwrigtings is, onder andere:

a) Die migrasie na stede regoor die wêreld,
b) Die sogenaamde Jeuggolf. Groot getalle wat in stede en dorpe opgeneem moet word en voordelig te werk gestel moet word.
c) Sekuriteit van watervoorsiening en ander natuurlike hulpbronne,
d) Burgers se ontevredenheid met die lewering van dienste, en
e) Gebrek aan bestuur van sogenaamde gemeengoed soos paaie en ander infrastruktuur,
f) Klimaatvlugheid.

**Bou van Gedeelde Visie en die gebruik van die CIL Veerkragtigheid Strategie Hiërargie™ RSH™**

Aanpassing by 'n veranderende omgewing in 'n menslike aktiwiteitstelsel soos 'n munisipaliteit of korporasie, kan beskryf word as 'n organisatoriese leerproses. Senge se vyf dissiplines vir die bou van 'n leerorganisasie is leersaam vir die suksesvolle bou van veerkragtigheid. (Sien Verwysing en Hulpbron 2) “Die Bou van 'n Gedeelde Visie” is een van die vyf dissiplines wat Senge identifiseer vir die bou van 'n leerkultuur. Dit behoort die begin te wees van 'n proses om veerkragtigheid te bou.

Uitvoerende leierskap saam met sleutelbelanghebbendes moet ooreenkom wat hulle in die toekoms wil skep, terwyl hulle terselfdertyd eerlik is oor die huidige werklikheid rondom die munisipaliteit. Strategiese prioriteite kan gekies word uit die huidige werklikheid.
Die vyf dissiplines vir die bou van 'n leerorganisasie is:

1) Persoonlike Selfmeestering,
2) Geestesmodelle - werk met aannames,
3) Bou van 'n gedeelde visie,
4) Spanleer en Stelseldenke. Deelnemers aan die proses om 'n gedeelde visie te ontwikkel, vorm die forum wat die bou van veerkragtigheid oor die volgende 3-5 jaar sal borg.
5) Die gedeelde visie vorm die raamwerk vir die daaropvolgende werk om veerkragtigheid te bou.

Die benutting van die CIL Veerkragtigheid Strategie Hiërargie™(RSH)™
Die hiërargie bestaan uit agt faktore wat in 'n logiese volgorde gerangskik is en 'n basis bied vir suksesvolle organisatoriese ontwikkeling. Die vlakke begin by die fondament: Vermoëbeoordeling, Kapasiteitsbou in sleutelstrategie-ondersteunende prosesse, Vooruit denke, Aanpassing, Herstel, Volhoubare Ontwikkeling, Groen Groei en Slim Stede.

Vermoëbeoordeling bestaan uit die beoordeling van die kwaliteit van leierskap, scenario-gebaseerde strategie en dienslewering. Hierdie assessering bied 'n basis vir kapasiteitsbou. Die Veerkragtigheidstrategiehiërargie vorm die basis vir die meting van huidige organisatoriese veerkragtigheid. Die instrument bestaan uit die bogenoemde agt faktore, waarbinne daar 'n aantal items is wat inligting verskaf oor aksie binne die faktor. (Sien Verwysing en Hulpbron 1, Hoofstuk 7) Die CIL Diagnostiese Instrument in Hoofstuk 7 bied 'n nuttige raamwerk vir die aanvanklike diagnose van die vlak van veerkragtigheid sowel as die ontwikkeling van 'n Padkaart wat die verskillende beplande aksies uiteensit om Organisatoriese Veerkragtigheid te bou.

Laastens, moet daar dokumentasie wees van merkbare resultate tydens sleutel oomblikke in die proses sowel as by die afsluiting van die proses. Daar is 257 munisipaliteite in SA, wat in sommige gevalle saamgevoeg is in distrikte, wat betrek moet word. Die dokumentasie van merkbare resultate sal die ontwikkeling van 'n sjabloon moontlik maak wat 'n basis sal bied om op te skaal en al die munisipaliteite in Suid-Afrika te betrek.

*Let wel: Hierdie dokument en sy inhoud is grootliks gebaseer op Verwysing en Hulpbron 1 en moet saam met dit gelees word. LvdM.*

**Skrywer:** *Dr Louis van der Merwe het ses jaar in Munisipale Regering deurgebring, een jaar as verkose President van 'n NGO, AIESEC. Vyftien jaar by Eskom tot 1990, waar hy sentraal was tot die suksesvolle ommekeer van Eskom in die 80's deur moderne bestuursprosesse soos Bestuur van Aanspreeklikheid en Prestasie (MAP) en ander strategieprosesse, insluitend klein groepaktiwiteite, te installeer. Hy het hierdie kennis gebruik in die Shell Oil ommekeer gedurende drie jaar by MIT, Boston. Hy is toe ingespan om die uitvoerende hoof van Shell Europe Oil Products se ommekeer oor 28 lande te ondersteun, sowel as die Visekanselier van die Open University UK se ommekeer. Hy het gekonsulteer en uitvoerende onderwyskursusse regoor die wêreld gelei, insluitend die VSA, Kanada, die Verenigde Koninkryk, die Nederlande, Saoedi-Arabië en Australië. Hy het 'n Baccalaureusgraad van die Universiteit van Pretoria met hoofvakke in Ekonomie, Sielkunde en 'n subvak in Volkekunde, 'n Meestersgraad in Toegepaste Gedragswetenskappe van City University, Seattle, Washington, en 'n PhD (Ontwikkeling en Bestuur) van Noordwes-Universiteit.Epos: louis@cil.net Webwerf: www.cil.net en www.louisvandermerwe.com Sel:082 416 1322*

*** Verwysings en Hulpbronne**

1. Van der Merwe, L. 2021. Gauging the Resilience of City and Town Government: A Manual for Strategists. CIL Johannesburg
(Te koop by Takealot plaaslik en by Amazon in die internasionale mark)
2. Senge P. M. et al. 1994. The Fifth Discipline Fieldbook. Strategies and Tools for Building a Learning Organisation. Nicolas Breahly, NYC ❖

# DIE VERVAL VAN DIE WESTERSE-AKADEMIESE TRADISIE II

***Deur dr. Willem Gravett***

*(Ons plaas graag die tweede van drie artikels deur dr Willem Gravett wat oorspronklik geplaas is deur Maroelamedia. Die reeks van artikels is gebaseer op 'n referaat getiteld "Die Verval van die Westerse Akademiese Tradisie" wat dr. Gravett in Oktober 2024 by Solidariteit se Verval van die Weste Konferensie gelewer het. Dr Gravett het die volledige referaat aangestuur wat ons later aan belangstellendes beskikbaar sal stel. Die artikelreeks word gebruik met die instemming van dr Gravett en gee ons ook graag erkenning aan Maroelamedia vir die plasing hiervan. Lees die eerste aflewering in die April 2025 weergawe van Die Eike)*

Die 1980's en 1990's het 'n ander kurrikulêre verskuiwing in die akademie gesien in die vorm van "multikulturalisme." Multikulturalisme bevorder die waarde van verskillende kulture, tradisies en beskawings, veral dié wat nie tot die Europese Weste behoort nie.

Een sterk motief vir multikulturalisme is die oortuiging dat die waarde van Westerse idees en instellings dikwels oorskat is, en dat hierdie oorskatting gehelp het om 'n wye reeks onregverdige en uitbuitende praktyke te legitimeer, veral gedurende die eeue van Westerse koloniale uitbreiding. Dit is gebruik om 'n skynvoorkoms te gee aan gedrag wat deur rassisme, xenofobie en hebsug gedryf is.

Multikulturaliste behoort gewoonlik tot een van twee kampe. Sommige multikulturaliste beweer dat die idees en instellings van die Weste, en die werke wat dit beliggaam, geen meer waarde het as dié van ander, nie-Westerse beskawings, nie.

Maar 'n ander, meer somber, kamp van multikulturaliste is oortuig dat alle kulture gelyk is *behalwe* die Weste, wat uniek imperialisties, hegemonies, nasionalisties, seksisties en patriargaal is.

Hoe dit ook al sy, die Grieke verloor: as hulle dieselfde is as die Thrakiërs of die Kartagiërs, hoekom moet mens Grieks bestudeer in plaas van Fenisies, Hetities of Egipties? As hulle slegter is, hoekom moet hulle hoegenaamd bestudeer word?

Hierdie tweede vorm van multikulturaliste – kom ons noem hulle die "harde" multikulturaliste – word gedryf deur 'n vyandigheid teenoor die idees en instellings van die Weste. Dit spruit uit die Marxistiese aanslag op liberale demokratiese praktyke en op die ongelykhede in rykdom en talent wat Westerse samelewings toelaat, en die antikoloniale aanval op Westerse waardes, in die geskrifte van Frantz Fanon en ander, wat die Marxistiese kritiek op kapitalistiese ekonomiese uitbuiting omskep het in 'n kulturele en sielkundige kritiek op imperiale "identiteitsdominansie."

Net 'n paar dekades gelede was 'n voorgraadse kursus in die geskiedenis van Westerse beskawing algemeen. Vandag het enige poging om die onderrig van die geskiedenis van Westerse denke, kuns, filosofie en kultuur en die erfenis van die Westerse beskawing lewend te hou met volgehoue vyandigheid en bespotting te kampe – soveel so dat jy universiteite nie eers kan betaal om dit te doen nie.

Ingevolge die wense van die wyle Paul Ramsay, 'n sakeman en filantroop, is die Ramsay-sentrum vir Westerse Beskawing in 2017 in Australië gestig. Ramsay was diep bekommerd dat Australiërs nie meer in skole of op universiteite oor die Westerse beskawing geleer word nie.

Die Ramsay-sentrum, onder voorsitterskap van die voormalige eerste minister John Howard, het 'n BA-graad in Westerse Beskawing saamgestel wat in vennootskap met universiteite aangebied sou word. Sedert die graad se bekendstelling het die Ramsay-sentrum egter byna niks anders as openlike vyandigheid en wrewel deur potensiële universiteitsvennote ervaar nie.

By die Universiteit van Sydney het personeel 'n "Hou Ramsay uit"-petisie van stapel gestuur. Die belhamels onder die Universiteit van Sydney se akademici het beweer dat hierdie voorgestelde graad "rassisme sal bevorder, vermom as waardering vir 'Westerse Kultuur.'" Ook die Australiese Nasionale Universiteit het sy neus opgetrek vir die sentrum se $64 miljoen-skenking.

In net 'n paar dekades het die Westerse tradisie verskuif van iets wat gevier is na iets wat verleentheid en anachronisme uitstraal en het dit uiteindelik 'n ondenkbare bron van skande geword. Dit het verander van 'n verhaal wat bedoel was om mense te inspireer en "hul lewens te voed" na 'n verhaal wat bedoel is om mense tot skande te strek.

Die kultuur wat aan die wêreld lewensreddende vooruitgang in wetenskap, medisyne, en 'n vryemark gegee het wat miljarde mense regoor die wêreld uit armoede gelig het, en die grootste bloei van denke aangevuur het – insluitend die ontwikkeling van individuele regte, godsdiensvryheid, en pluralisme – word nou deur 'n lens van die diepste vyandigheid en simplistiese oordeel ondersoek. Die kultuur wat Michelangelo, Leonardo, Bernini, en Bach voortgebring het, word uitgebeeld asof dit niks relevant het om te sê nie.

Die meeste "teoretiese" Westerse akademici, diep besorg oor hul "wit bevoorregting," identifiseer hulself en hul navorsing as sterk anti-Westers, en probeer om soveel moontlike geloofsbriewe te toon en soveel identiteite as moontlik te lys om te verseker dat hulle op geen manier met tradisionele bewondering vir die Grieke en hul nalatenskap geassosieer word nie.

Hierdie akademici is sterk in aanvraag by Westerse universiteite – wat is 'n beter manier om die Weste te

*(Vervolg op p14)*

## Die verval van die Westerse-Akademiese tradisie II (verv)

weerlê as om sy eie akademiese leiers die aanval te laat lei?

Ek voel myself vir die laaste paar jaar geteister deur 'n aanhaling van William Butler Yeats:

> The best lack all conviction, while the worst
> Are full of passionate intensity.

Daar is wel 'n paar mense wat opstaan en sê het dat hulle die voortdurende aanval op die Weste nie meer sal duld nie, maar te veel akademici speel nog saam deur die nuwe reëls en taal te volg van die mense wat daarop aandring dat daar niks goeds oor die Weste en sy mense te sê is nie. Dit is die ou probleem van "go along to get along."

Ek dink die tyd het aangebreek dat ons, of ons nou daarvan hou of nie, die ongemaklike waarheid moet vertel en die maklike leuen vermy; dat ons ons studente inlig oor die waarheid en die gevolge vir ons loopbane vergeet.

Die anti-Westerse revisioniste was die afgelope jare sterk aan die voorpunt. Dit is hoog tyd dat ons hulle op ons beurt hersien en teenstaan.

Want by nadere ondersoek blyk al hierdie aantygings van die multikulturaliste teen die Weste om simplisties of huigelagtig te wees, of beide.

**Alle kulture is nie gelyk nie**

Ons moet bereid wees om op te staan en te sê: Alle kulture was nog nooit, en is nie, dieselfde nie. Ons moet dieselfde moed aan die dag lê as twee regsakademici, Amy Wax (Universiteit van Pennsylvania) en Larry Alexander (Universiteit van San Diego), wat in 2017 in 'n meningstuk in *The Philadelphia Inquirer* die kernbeginsels van multikulturalisme uitgedaag het:

> *All cultures are not equal. Or at least they are not equal in preparing people to be productive in an advanced economy. The culture of the Plains Indians was designed for nomadic hunters, but is not suited to a First World, 21st-century environment. Nor are the single-parent, antisocial habits, prevalent among some working-class whites; the anti-"acting white" rap culture of inner-city blacks; the anti-assimilation ideas gaining ground among some Hispanic immigrants. These cultural orientations are not only incompatible with what an advanced free-market economy and a viable democracy require, they are also destructive of a sense of solidarity and reciprocity among Americans.*

Verskeie indrukwekkende kulture het die antieke Middellandse See bewoon, was voortdurend met mekaar in wisselwerking, en het geleen, gedeel, aanvaar en verwerp soos hulle goedgedink het. Die Egiptenare en Perse het die Klassieke wêreld beïnvloed, en die Grieke self was op verskeie maniere beïndruk met die Skithiërs, Kelte en Kartagiërs.

Maar toe die farao's steeds grootskaals slawe gedwing het om hul uitgebreide grafkelders op te rig, en die Groot Koning van Persië paleise vir homself en tempels vir die gode gebou het waarin geen gewone burger ooit sy voet sou sit nie, het die Grieke gimnasiums, teaters, howe, skeepswerwe, markte en vergaderplekke vir hul eie nederige burgers opgerig. Dit is 'n ander werklikheid en dit kan op absolute kriteria geëvalueer word. ❖

---

## KOMMENTAAR OP DIE PSIRA REGULASIES

*Ons het eers onlangs kennis geneem van die uitnodiging tot kommentaar op die gepubliseerde regulasies op die PRIVATE SECURITY INDUSTRY REGULATION ACT, 2001 (ACT NO 56. OF 2001)*

*Die gepubliseerde regulasies van die Private Security Industry Regulation Act (PSIRA), is op kort kennisgewing sonder enige publieke aankondiging in die Staatskoerant gepubliseer. Kommentaar op die konsep regulasies moes voor 25 April 2025 ingedien word.* ***(PSIRA) Is die reguleerder vir die private veiligheidsbedryf.*** *Kommentaar is opgestel deur kundiges en is namens die Afrikanerbond ingedien op 24 April 2025.*

NOTICE CALLING FOR PUBLIC COMMENTS

PRIVATE SECURITY INDUSTRY REGULATION ACT, 2001 (ACT NO 56. OF 2001)
DRAFT AMENDMENT TO THE PRIVATE SECURITY INDUSTRY REGULATIONS, 2002

**Kommentaar saamgestel deur Genl-Maj Bertus Steenkamp**
**Insette deur Armand Bezuidenhout**

Op 4 April 2025 het die Minister van Polisie, na konsultasie met die *South African Security Regulatory Authority (PSiRA)* regulasies oor die beheer van die private veiligheidsbedryf uitgereik (Notice 3088/2025). Hiervolgens gaan (PSiRA) die beheer, besit en aanwending van wapens beheer. Dit verhoed die privaat sekerheidsbedryf om volgens privaat kontrakte gewapende reaksies te doen. Ook die SAPD se misdaad intelligensie (crime intelligence) gaan nie die mas opkom nie. Ian Cameron (Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Polisie in die Nasionale Vergadering) beskryf hierdie regulasies as "drakonies." Kommentaar op regulasies moet reeds voor of op 25 April ingedien word.

Ter agtergrond. Die privaat sekuriteitsbedryf in SA is die grootste sekerheidsbedryf ter wêreld. Daar is meer as 10 380 geregistreerde sekuriteit en veiligheid orga-

*(Vervolg op p15)*

## Kommentaar op PSIRA Regulasies (verv)

nisasies in die bedryf met meer 2,5 miljoen personeel. Hiervan is 608 977 aktief en die res word as reserwe-mag beskou. (Wikipedia) Die aktiewe sekerheidspersoneel is drie tot vier maal meer as die SA Polisiediens (SAPD). Volgens PSiRA (Private Security Industry Regulator Authority) is die waarde van hierdie privaat sekerheid en veiligheid organisasies nie alleen in die ondersteuning tot die SAPD nie, maar verskaf ook wagdienste, monitering en gewapende reaksie "*as a deterrent effect against criminal activity*." So het hierdie organisasies in 2021 'n deurslaggewende rol daarin gespeel om die geweld in Durban te ontlont.

Die regulasies is wysigings aan bestaande wetgewing ***Private Security Regulation Act – Act 56/2001*** *en* ***Draft Amendment to the Private Security Industry Regulations , 2002***. Hierdie wysigings moet gesien word teen die eskalasie in ernstige misdaad in Suid-Afrika. Gauteng is verantwoordelik vir bykans 27% van alle misdade in Suid-Afrika en sluit misdade soos verkragting, ontvoering, motorkapings en gewapende rooftogte in. In provinsies soos KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap en die Wes-Kaap is plaasaanvalle, bendebedrywighede en transito-rooftogte aan die orde van die dag. SAPD statistiek toon dat 84 moorde per dag in SA gepleeg word. Polisiebronne is beperk en in baie gebiede is dit die privaat sekuriteitsbedryf wat as eerste en soms as enigste verdedigingslinie optree. Hulle is ook betrokke by die beskerming van SAPD polisiestasies*. The "Africa Organised Crime Index 2023* (*ENACT, 2023*) beskou SA as die derde gewelddadigste land ter wêreld en SA "*was for many years the most attractive destination for international crime syndicates keen to cash in on the lack of law and order. …*" Dit onderskryf die noodsaaklikheid van die private sekerheidsbedryf.

Die eerste indruk van hierdie dokument is dat dit saamgestel is deur persone sonder die nodige agtergrond en kennis. Dit is saamgeflanste regulasies uit verskillende wette en regulasies. Volgens 'n regskenner, Martin Hood is daar verskillende vertolkings van bestaande wette en regulasies*. (BizNews, 16 Apr 2025).* Daar kom herhalings of duplisering in die dokument voor, dikwels met ander bewoording. Die industrie moet rekord hou van personeel, elke wapen wat uitgereik word asook die en terughandiging daarvan. Dit beteken meer administratiewe personeel, maar die vraag is of die PSiRA die kapasiteit het om die vragte dokumentasie wat daagliks aan hulle gelewer word te kan verwerk? Met opleiding word altyd gesê 'n opdrag/instruksie is net so goed as wat die uitvoering gekontroleer kan word." Martin Hood is oortuig die regulasies is opgetrek deur die SAPD Sekretariaat wat min weet van die privaat sekuriteitsbedryf. (BizNews, 16 Apr 2025).

Dit is nie moontlik om die regulasies in detail te hanteer nie en belangstellendes word verwys na die volgende bron.
https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202503/52388gen3088.pdf

**BESPEKING/KOMMENTAAR**
**Sekuriteitsindustrie**

- Maatskappye moet by PSiRA geregistreer word.
- 'n Inspekteur mag met slegs 'n vermoede 'n maatskappy sluit tot sy ondersoek afgehandel is.

**Beheer oor Wapens**

- Wapens word omskryf as gewere, pistole, outomatiese gewere *en "any object other than a firearm"*. (Artikel 2).
- Openbare ruimtes waar wapens nie aangewend of gedra mag word nie sluit in "*taxi rank, shopping malls, churches, hospital, public and private schools"* asook "*any other similar public establishments.*" Verskeie kommentators glo dan dat alle staatsbeheerde instansies gesien kan word as 'Openbare Ruimtes." Met motorkapings mag sekuriteitspersoneel nie wapens op die paaie (openbare ruimte) neem nie en moet eers magtiging by PSiRA kry. Wat dan van sekuriteitspersoneel wat polisiestasies bewaak? Kommentators beskyf hierdie bepaling as onuitvoerbaar en gee gevolglik aan kriminele die vryheid van optrede. Dit is ook een van die hoofredes waarom PSiRA met die sekuriteitsindustrie in gesprek moet tree.
- Die dra van ammunisie word ook beperk tot 'n *"reasonable amount."* Dit lei tot onbepaalde beperkings op die hoeveelheid ammunisie, sonder duidelikheid oor praktiese operasionele vereistes.
- Alle vuurwapens moet toegerus word met GPS-naspeurtoestelle deur verskaffers wat uitsluitlik deur PSIRA aangewys sal word en wat 'n monopolie, kostedruk en privaatheidvraagstukke inhou. Uit 'n gesprek met 'n SAW wapendeskundige het hy gevra waar die GPS-naspeurtoestelle aan 'n geweer of 'n pistool geheg gaan word, want hierdie toestel het 'n kragbron nodig? Moontlik 'n battery, maar indien die wapen gebruik is, moet die wapen weer gekalibreer/ingestel word. Dit is tegnologies gevorderd en sal moeilik beheer kan word.

***"Die eerste indruk van hierdie dokument is dat dit saamgestel is deur persone sonder die nodige agtergrond en kennis. Dit is saamgeflanste regulasies uit verskillende wette en regulasies."***

- Die gebruik van nie-dodelike opsies, soos tasers, tonfas en rubberkoeëls kan net aangewend word as dit deur (PSiRA) vooraf goedgekeur is. Kommentaar verwys na geweld in KwaZulu-Natal in 2021. Sekuriteitspersoneel het die hoofrol gespeel en met nie-dodelike wapens die gebied gestabiliseer. Hierdie regulasie hou 'n ernstige gevaar vir publiek en sekuriteitspersoneel in. Dit laat beamptes met slegs twee keuses: geweld of onttrekking. Dit is oneties én gevaarlik.

**Gewapende Reaksie.** Gewapende reaksie mag net plaasvind nadat 'n analise (waardering) van die situasie gedoen is, en magtiging van PSiRA verkry is.
*(Vervolg op p16)*

## Kommentaar op PSIRA Regulasies (verv)

Maatskappye en individue gemoeid met gewapende reaksie kan hul kontrakte verloor. Die maatskappye gaan verantwoordelikheid moet neem, deur wapens aan te koop. Weer eens lei dit tot groter vryheid van optrede vir kriminele. Werkloosheid gaan toeneem.

**Administrasie en Risiko-Assessering**

- Elke terrein ongeag diens of tydsduur moet 'n omvattende risiko-analise hê, wat intern uitgevoer of deur "gesertifiseerde onafhanklike kundiges" hanteer moet word.
- Geen duidelikheid bestaan oor wie dit mag evalueer, hoe PSIRA dit sal keur, of watter standaarde geld nie.
- PSIRA kan dienste kanselleer of beboet as dié dokumentasie nie voldoende is nie.
- Elke operasionele funksie moet vooraf aan PSIRA voorgelê word iets wat reaksievermoë en vinnige besluitneming tydens noodgevalle wesenlik kan belemmer.

**Inspekteur.** 'n Inspekteur mag sonder 'n lasbrief beslag lê op enige wapen wat in besit van 'n sekuriteitslid is, indien hy reken die lid is onwettig in besit van die wapen.

***Die koste vir implementering in sommige gevalle kan met tot 60% kan styg wat veral gemeenskapsveiligheidsprojekte in arm en landelike gebiede sal raak."***

**Sielkundige evaluasies**

- Jaarlikse verpligte sielkundige toetse, moet afgelê word sonder enige riglyne rakende toepaslike standaarde, bevoegdheid van assessors, of beroepsregte ná onbillike diskwalifikasies.
- Geen meganisme vir herevaluasie na trauma, of teen 'n besluit, is duidelik beskryf nie.

**Strafbepalings en dissipline**. Beamptes kan gestraf word as hulle hulself verdedig of in 'n voorval betrokke raak sonder vooraf-goedgekeurde risiko profiele, Dit is 'n onpraktiese vereiste in dinamiese en onvoorspelbare situasies.

**SAMEVATTING**

Wahl Bartmann, Uitvoerende Direkteur van die Fidelity Dienstegroep som die regulasies goed op. "As dit in huidige formaat geïmplementeer word sal dit die stabiliteit van die sekuriteits-industrie en die veiligheid van alle Suid-Afrikaners ernstig beïnvloed." Die huidige wetstoepassingsagentskappe het nie die vermoë om die sekuriteitsindustrie te vervang nie.

Kundiges neem dit een stappie verder en wys daarop dat hierdie wysigings ontkoppel is van die werklikheid van Suid-Afrika se sekuriteitslandskap. Dit bevestig kommentaar dat hierdie regulasies opgestel is deur persone wat nie kennis of ervaring het nie.
Die verbod op tasers, tonfas en rubberkoeëls neem kritieke, nie-dodelike opsies weg en laat beamptes met slegs twee keuses: geweld of onttrekking. Dit is onetties én gevaarlik.

Sielkundige toetse is belangrik, maar sonder erkende standaarde of keuringsprotokolle, sal dit eerder lei tot onbillike diskwalifikasies, hoë koste, en regsaksies.

Die regskenner Martin Hood is bekommerd dat terminologie wat in hierdie regulasies gebruik is, 'n politieke oorsprong het. Dit is onwaar dat die sekuriteitsindustrie "*will spearhead of a revolution in this country.*" As prokureur glo hy dat van hierdie regulasies onwettig is en talle hofsake gaan hieruit voorspruit. Dit gaan jare neem om almal tevrede te stel.

Volgens die South African National Security Employers Association (SANSEA) kan hierdie wysigings tot massiewe afleggings lei. Studies deur onafhanklike konsultante toon dat koste vir implementering in sommige gevalle met tot 60% kan styg wat veral gemeenskapsveiligheidsprojekte in arm en landelike gebiede sal raak.
Ian Cameron, MP stel dit duidelik dat "*we must treat the private security industry as partners instead of a threat*." As die staat jou nie kan beveilig nie, moet jy die reg behou om jouself te beskerm.

**AANBEVELINGS**

1. Onafhanklike Konsultasie: Die reguleringsproses moet oopgestel word vir insette deur sekuriteitspraktisyns, regslui, opleiers, en misdaadontleders. Daar moet 'n werksgroep gevorm word wat alle belanghebbendes insluit.

2. Omvattende Impakstudie: Voordat enige wysigings ingestel word, behoort 'n sosio-ekonomiese impakstudie gedoen te word om te bepaal hoe dit kleiner firmas, werksekerheid, en misdaadsyfers gaan beïnvloed.

3. Duidelike Standaarde vir Psigologiese Toetse: Enige vereiste vir sielkundige evaluasies moet duidelike riglyne hê rakende metodiek, erkende instansies, en beroepsliggame wat toesig hou.

4. Beperk Verbod op Sekere Toerusting: Nie-dodelike wapens soos tasers, tonfas en rubberkoeëls moet eerder gereguleer word as om dit totaal te verbied. Hulle is onontbeerlik vir beheer van skares en minimum geweldgebruik.

5. Geleidelike Implementering: Indien wysigings wel ingestel word, moet dit oor tyd gedoen word, met opleiding, subsidie-opsies en 'n realistiese tydlyn vir kleiner maatskappye.

*(Vervolg op p17)*

## Kommentaar op PSIRA Regulasies (verv)

6. Herbesinning oor Openbare Ruimtes: ’n Volledige herbesinning is nodig oor die verbod van wapens in sogenaamde “openbare” ruimtes. Sekuriteitsbeamptes moet sekere bevoegdhede behou op basis van ’n risikoprofiel en vergunning.

**AFSLUITING**
Suid-Afrikaners verdien veiligheid, en die privaat sekuriteitsbedryf is ’n essensiële pilaar van daardie ekosisteem. Hierdie wysigings, ten spyte van goeie bedoelings, blyk meer gefokus te wees op beheer, as beskerming.

Ons het regulering nodig, ja maar dit moet prakties, inklusief en kundig wees. Daarsonder, loop ons die gevaar om nie net die bedryf nie, maar die publiek wat daagliks daarvan afhanklik is, aan hul eie genade oor te laat. **Regulasie sonder insig = Regressie** ❖

## ’n PERSPEKTIEF OP DIE REGERING VAN NASIONALE EENHEID

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) in Suid-Afrika, het op 14 Junie 2024 tot stand gekom en was die gevolg van die verkiesingsuitslag van 29 Mei 2024. Die RNE vind sy grondslag op 'n Verklaring van Voorneme (Volg die skakel na die Afrikaans en Engelse weergawe: https://online.fliphtml5.com/hwiua/ktlo/#p=5 )

In Julie 2024 het ons gesê dat die 2024 model van RNE met verloop van tyd getoets gaan word. Daar was baie faktore wat sou bepaal hoe dit gaan uitspeel en wat die uitkomste sou wees. Die tyd sou leer.

Ons was ook duidelik daaroor dat in die 2024 model van RNE die ANC veral getoets sou word aan sy toegewydheid en verbintenis tot die ooreengekome beginsels. Beide die ANC sowel as mnr Ramaphosa het in die verlede verskeie kanse gehad en is die bal telkens laat val. Vir die ANC gaan dit veral beteken dat hy moet wegstap van sy ideologie wat die grondwet en die regering van nasionale eenheid slegs as oorgangsmaatreëls sien.

In die nagenoeg 320 dae na 14 Junie is die RNE telkens getoets. Die ANC se integriteit en verbintenis tot die RNE is ook telkemale getoets en druip die ANC en waarskynlik ook die RNE in geheel, loshande die toets. As ons die uitkomste van die RNE moet evalueer aan die hand van die ooreengekome beginsels in die Verklaring van Voorneme kan mens reeds sekere waarnemings en gevolgtrekkings maak. Daar is hoofsaaklik 9 prioriteite wat die RNE aan hom homself gestel het:
- Vinnige, inklusiewe en volhoubare ekonomiese groei,
- Die skep van 'n meer regverdige samelewing deur armoede, ruimtelike ongelykhede, voedselsekerheid en die hoë lewenskoste te beveg
- Stabiliseer plaaslike owerhede, vestig effektiewe samewerkende landsbestuur
- Investeer in mense deur middel van onderwys, vaardigheidsontwikkeling en bekostigbare en kwaliteit gesondheidsorg.
- Bou staatskapasiteit en skep 'n professionele, merietegebaseerde, korrupsievrye en ontwikkelingsgerigte staatsdiens.
- Versterk wetstoepassingagentskappe om misdaad, korrupsie en geslagsgebaseerde geweld aan te spreek
- Versterk die Parlement se doeltreffendheid
- Versterk maatskaplike samehorigheid, nasiebou en demokratiese deelname
- Baseer buitelandse beleid op menseregte; konstitusionalisme; die nasionale belang;

Daar is al verskeie menings uitgespeek oor die vordering al dan nie van enige uitkomste wat hierdie prioriteite aanbetref.

Van groter belang sou waarskynlik wees hoe die RNE vaar ten opsigte van minderheidsgroeperinge en gemeenskappe se werklike en geldige vrese en bekommernisse? Saam met die grondwetlike regte wat die beskerming en bevordering van minderheidsregte, waarborg sou mens dan ook kon kyk na die Verklaring van Voorneme en die verbintenis tot diversiteit. Ons kan heelwat gevalle uitlig waar die RNE versuim het om proaktief op te tree in die belang van minderhede en gemeenskappe.

**1. Die Verklaring van Voorneme van die RNE**

***Van groter belang sou waarskynlik wees hoe die RNE vaar ten opsigte van minderheidsgroeperinge en gemeenskappe se werklike en geldige vrese en bekommernisse?”***

Die RNE se verklaring van voorneme, soos uiteengesit ná die 2024-verkiesing, word 'n verbintenis tot diversiteit beklemtoon:
- **Diversiteit en inklusiwiteit**: Die RNE erken Suid-Afrika se diverse samelewing en verbind homself tot die beginsel van "verenig in diversiteit," soos vervat in die Grondwet se Aanhef. Dit impliseer 'n erkenning van kulturele, taalkundige en godsdienstige verskeidenheid as 'n grondslag vir nasionale eenheid.
- **Grondwetlike demokrasie**: Die RNE onderneem om die oppergesag van die reg, menseregte en die Grondwet te handhaaf, insluitend die beskerming van taal kultuur en geloofsregte.

Hierdie beginsels stem ooreen met die Grondwet se waarborg van gelykheid, vryheid van assosiasie, en die regte van kulturele, godsdienstige en taalkundige gemeenskappe (Artikels 30 en 31). Die RNE se verbintenis tot diversiteit skep dus 'n grondslag vir die proaktiewe bevordering van minderheidsbelange, nie net beskerming nie.

*(Vervolg op p18)*

## ’n Perspektief op die Regering van Nasionale Eenheid (verv)

**2. Grondwetlike Verpligtinge vir die Beskerming en Bevordering van Minderheidsregte**

Die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 lê spesifieke verpligtinge op die staat op om minderheidsregte te beskerm en te bevorder:

- **Artikel 6**: Erken 11 amptelike tale en verplig die staat om inheemse tale te ontwikkel en gelyke aansien aan alle tale te gee.
- **Artikel 29**: Waarborg die reg op onderwys in die taal van keuse in openbare instellings, waar dit redelik uitvoerbaar is.
- **Artikel 30**: Beskerm die reg om deel te neem aan kulturele, godsdienstige en taalkundige aktiwiteite.
- **Artikel 31**: Waarborg die reg van persone wat aan kulturele, godsdienstige of taalkundige gemeenskappe behoort om hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul tale te gebruik.
- **Artikel 185**: Vestig die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe, wat verplig is om respek, verdraagsaamheid en nasionale eenheid te bevorder.

***Die RNE, as die uitvoerende gesag, is dus grondwetlik verplig om beleid en programme te implementeer wat taal-, kultuur- en geloofsgemeenskappe se regte bevorder.***

Hierdie artikels plaas 'n plig op die staat om nie net minderheidsregte te beskerm nie, maar ook om toestande te skep waar minderheidsgemeenskappe kan floreer. Die RNE, as die uitvoerende gesag, is dus grondwetlik verplig om beleid en programme te implementeer wat hierdie regte bevorder. Dit sou ideaal gesproke beteken het dat die RNE sou wegstap van die katastrofiese ANC beleid wat die drie dekades voorafgaande tot die RNE gerig het.

**3. Die Belang van die RNE se Verklaring vir Minderheidsregte**

Die RNE se erkenning van diversiteit is van groot belang vir minderheidsgemeenskappe om die volgende redes:

- **Politieke insluiting**: Die RNE bestaan uit 'n breë koalisie van partye, insluitend dié wat minderheidsbelange verteenwoordig, soos die Vryheidsfront Plus, die Inkatha Vryheidsparty en die Demokratiese Alliansie. Dit skep 'n platform vir minderheidsstemme om gehoor te word.
- **Grondwetlike handhawing**: Die Verklaring van Voorneme se verbintenis tot die Grondwet versterk die reg van minderheidsgemeenskappe om hul kulturele en taalkundige identiteite te behou, veral in 'n konteks waar meerderheidsdruk kan lei tot marginalisering.
- **Nasiebou deur diversiteit**: Deur diversiteit as 'n krag eerder as verdelend te erken, skep die RNE 'n raamwerk waar minderheidsgemeenskappe se bydraes tot Suid-Afrika waardeer en bevorder kan word.

**4. Die RNE en die gebrek aan optrede in Minderheidsbelang**

Ondanks die grondwetlike verpligtinge en die RNE se verklaring van voorneme, is daar talle gevalle waar die regering versuim om proaktief op te tree maar eerder teen minderhede se belange opgetree het:

- **Afrikaanse taal en onderwys**: BELA en die druk op Afrikaans-mediumskole bly ’n wesenlike gevaar. Ten spyte van grondwetlike waarborge (Artikel 29), voel Afrikaanssprekende gemeenskappe dat hul taalregte en reg van moedertaalonderrig ondermyn word. Die RNE het die bal laat val.
- **Gebrek aan taalbeleidsimplementering**: Die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (2012) vereis dat staatsdepartemente taalbeleide aanvaar om die Grondwet se taalvereistes te implementeer, maar min vordering is gemaak. Engels bly de facto die dominante taal in openbare administrasie, wat inheemse tale en Afrikaans marginaliseer.
- **Kulturele marginalisering en eiendomsreg**: Die ANC se Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR) word soms voorrang gegee bo grondwetlike beginsels. Die president het trouens bevestig met die wet op Onteiening Sonder Vergoeding dat dit sy verwagting is dat die RNE uitvoering moet gee aan die NDR. Die RNE het hierdie wet aanvaar en bly dit problematies – veral in ’n internasionale konteks.
- **Kommissie vir Kulturele Regte**: Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe (Artikel 185) word wyd gekritiseer vir sy ondoeltreffendheid. Dit het min gedoen om sy grondwetlike mandaat uit te voer, soos die bevordering van respek vir minderheidstale en -kulture. Eweneens het die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) versuim om die ontwikkeling van alle amptelike tale te bevorder, veral inheemse tale en Afrikaans, ten spyte van sy grondwetlike plig.
- **Demografiese verteenwoordiging**: Die ANC se ideologiese aanhang van die NDR het ook gelei tot die nuwe rasse-indiensnemingskwotas volgens die wet op gelyke indiensneming se nuut gepubliseerde regulasies. Die RNE sal moet besin oor die regulasies want die toepassing gaan daartoe lei dat minderhede ontmagtig en gemarginaliseer word.
- **Buitelandse beleid:** Afrikaners het in die spervuur gestaan in Februarie 2025 en daarna toe President Trump vlugtelingstatus deur ’n Uitvoerende Bevel aan Afrikaners toegestaan het. Kwessies soos onteiening, plaasmoorde en diskriminerende beleid is as redes aangevoer. Sentraal in die VSA houding jeens Suid-Afrika staan die buitelandse beleid en die ANC se houding jeens Israel en die assosiasie met Iran en Hamas. Die RNE het besliste uiteenlopende menings hieroor.
- **Die 2025 begroting:** Alle Suid-Afrikaners staan aan die ontvangkant van ’n onaangename en onverkwiklike situasie met die begroting. Die RNE en sy prioriteite vir ekonomiese groei staan skerp teenoor ’n onbuigsame ANC en staatbesteding.

*(Vervolg op p19)*

## ’n Perspektief op die Regering van Nasionale Eenheid (verv)

Dit het ook pas aan die lig gekom dat daar 10 maande na die totstandkoming van die RNE daar nog geen prestasieooreenkomste met enige van die ministers is nie. Tans is daar 32 ministers en 43 adjunkministers. Dit maak 'n totaal van 75 besluitnemers en wat nie geëvalueer word op grond van enige prestasiearea nie. Hierdie prestasieareas moet gerig word deur die grondwet, die Verklaring van voorneme en die prioriteitsareas van die RNE.

Dit wil egter voorkom asof slegs die ANC se beleid die regering rig en dat daar geen sprake is van die grondliggendebepalings in Artikel 1 van die Grondwet wat verantwoordingpligtigheid, ’n responsiewe ingesteldheid en openheid van die regering vereis nie. Dit is op die ou end maar net meer van dieselfde wat ons die laaste 31 jaar ervaar het. ❖

## AFRIKAANS 100 - FEESPROGRAM VIR MEI

8 Mei kruip al nader en die opwinding vir die feesvieringe rondom Afrikaans se eeufees as amptelike taal is merkbaar. Op die spyskaart? Gedenklesings, taaltoere en spys en drank, natuurlik, maar ook plesierigheid op note, kuiers om tafels en makieties uit die boonste rakke.

***Makieties*** **-** Is jy lus vir lipleklekkerte? Die Afrikaans 100-makieties – wat in die Bo-Kaap, Paarl, Genadendal en Pretoria gehou word – gaan jou smaakkliere laat baljaar. Van geurige Kaap-Maleise geregte soos bobotie en koesisters, tot watertandboerekos soos potjiekos en malvapoeding. Maak gereed vir spogwyn en disse soos net Suid-Afrikaners dit kan maak. Onthou, bring daai hongerkol op jou maag saam! Dit is ’n fees vir almal met musiek, kindervermaak en stalletjies met snuisterye.

Hierdie makieties is vir die hele gesin. Die makieties in Genadendal en die Bo-Kaap is gratis. Kaartjies vir die ander makieties is beskikbaar by **tixsa** en is R50 vir volwassenes, R20 vir kinders, en gratis vir kinders onder drie.

***Afrikaanse Taalmonument, Paarl – 10 Mei van 10:00 tot 22:00*** Kunstenaars wat sal optree sluit in Jak de Priester, Nádine, Jitsvinger, Nur Abrahams, David Fourie, Nadia Louw, en die Kaapse Lawaaimakers.
*Kaartjies vir Paarl hier beskikbaar*

**Cultural Hub, Bo-Kaap – 10 Mei van 10:00 tot 22:00**
Vermaak deur verskeie Maleierkore.
*Gratis kaartjies vir Bo-Kaap hier beskikbaar*

**Genadendal-museum, Genadendal – 10 Mei van 11:00 tot 18:00** Kunstenaars wat optree sluit in Riku Lätti en Churchil Naudé.
*Gratis kaartjies vir Genadendal hier beskikbaar*

**Botaniese Tuin, Pretoria – 24 Mei van 10:00 tot 22:00**

Hou ons nuusbriewe en sosialemediaplatforms dop vir meer inligting oor die makietie in Pretoria.
*Kaartjies vir Pretoria hier beskikbaar*

***Uit die mond Musiekkonsert***
***Uit die mond*** is ’n musikale viering van die Afrikaanse taal uit elke mond wat dit praat. Van Afrikaanse musiek se grootste stemme, begelei deur ’n orkes, neem ons op ’n reis deur die geskiedenis van Afrikaanse musiek in al sy vorme, invloede en skoonheid. Met Amanda Strydom, Coenie de Villiers, Emo Adams, Frazer Barry, Lynelle Kenned en Nicole Holm

*Hoërskool Durbanville, Durbanville - 10 Mei om 19:30 en 11 Mei om 15:00*
*Kaartjies vir Durbanville hier beskikbaar*

*Atterbury Teater, Pretoria - 28 Mei om 19:30 en 29 Mei om 19:30*
*Kaartjies vir Pretoria hier beskikbaar*

**Kuns van die Afrikaanse Kunslied (Aangebied deur Afrikaans100 en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns)**
Die Afrikaanse kunslied kom al langer as ’n eeu en is geskep deur Suid-Afrikaanse komponiste se sensitiewe bewuswording en voortdurende vernuwing en innovasie. Gehoorlede kan uitsien na ou bekendes soos “Op my ou ramkietjie”, “Mali die slaaf se lied” en “Heimwee”, asook kontemporêre kunsliedere en liedsiklusse van eietydse komponiste.

*Toringkerk, Paarl – 9 Mei om 19:30*
*Kaartjies vir Paarl hier beskikbaar*

*Musaion, Universiteit van Pretoria-kampus, Pretoria - 25 Mei om 15:00*
*Kaartjies vir Pretoria hier beskikbaar*

Loer gerus in op by **Afrikaans100** om te kyk na al die ander opskoppe wat beplan word. Jy sal beslis iets kry wat jou oë laat flonker en jou hartsnare sal roer!

***Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.***

***KONTAK DIE EIKE***
***kommentaar@die-eike.co.za***
***Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006***
***Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343***